

**Prof. Madéle Tait, wat pas as die nuwe hoof van die departement bemarkingsbestuur by die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit (NMMU) aangewys is.** **Foto: BEVERLEY DARLOW**

# Bemarking by NMMU styg uit met nuwe hoof

**ANRI HENDRIKS**
*Port Elizabeth*

Internasionale maatskappye soos L'Oreal en Volkswagen raap haar studente op wanneer hulle klaar in bemarkingsbestuur gekwalifiseer het.

Dít is wat prof. Madéle Tait (43), die nuwe hoof van die departement bemarkingsbestuur by die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit (NMMU) dryf.

Hoewel sy nou oorhoofs vir dié departement verantwoordelik gaan wees, gaan sy steeds haar "lektorshoed" opsit en die eerstejaars touwys maak oor die beginsels van bemarking.

En natuurlik leiding verskaf aan die meesters- en doktorale studente.

"Ek dink wat ons opset hier by die Tweede Laan-kampus so ideaal maak, is dat ons klasse klein is en die studente dus baie individuele aandag kan kry."

Sy bly spog, spog, spog.

Veral oor die planne wat die departement het om in 2013 'n "generiese eerste jaar" vir sy studente aan te bied, in plaas van 'n meer gespesialiseerde studiejaar wat gekoppel is aan vakgebiede soos logistiek.

Nog iets wat haar opgewonde maak, is die gevorderde sertifikaat in sakestudies wat vir 2012 beplan word.

Dié eenjaar-diploma gaan as't ware 'n deur oopmaak vir daardie studente wat nie toelating tot universiteit kan verkry nie.

"Dit gaan vir hulle 'n grondslag gee en 'n tipe oorbruggingsdiploma wees. Die idee is dat sou hulle goed genoeg presteer, hulle wel toelating tot verdere studierigtings sal kan verkry."

Tait, wat sedert 1991 by die NMMU werk, is 'n versinnebeelding van haar wens om studente vlerke te gee.

Voor die onderhoud help sy met groot vriendelikheid en flinkheid 'n angstige student wat wonder oor toelating.

'n Ander nuwe ding waarin Tait nie kan wag om haar tande in te slaan nie, is die Suid-Afrikaanse uitgawe van *Principles of Marketing* van Phillip Kotler, wat as die "vader van bemarking", soos sy sê, beskou word.

"Ek was betrokke by die skryf van die boek en daar is groot moeite gedoen om Suid-Afrikaanse voorbeelde in te sluit. Ons sal nou vanjaar kan sien hoe dit werk wanneer die studente dit gebruik."

Benewens die magdom aanbiedings wat sy al by internasionale konferensies gedoen het, dien Tait ook in die universiteitsraad. Hier hoop sy om ook 'n betekenisvolle bydrae te lewer oor hoe die NMMU homself as tersiêre inrigting bemark.